DIE STILTE van samesyn

Harum que cumqui incidig nihit, qui soluptisin reperio essit, totatum reperspicium ut es accum vo-



Huisgenoot se Joy January sluit aan by die Kaap se Silent Book Club – om tussen vreemdelinge net te sit en lees

BY Deur **JOY JANUARY** PICTURES Foto's: **NAME SURNAME**

HIER sit ons nou in stilte, ek en my boek, tussen 'n klomp vreemde mense.

Dis nie hoe ek gewoonlik my Saterdae deurbring nie. Ek bly meestal tuis agter my rekenaar en omring deur 'n klomp akademiese artikels vir my nagraadse studie, met so min as moontlik kontak met die buitewêreld.

Maar my redakteur het my eendag op kantoor aan die arm gegryp, na haar kantoor toe gevat en my vertel van die Silent Book Club. Sy wou 'n storie daaroor hê en ek is die een wat dit moes doen. En dan sê 'n mens nie sommer nee nie.

So iets bly maar vir 'n introvert soos ek intimiderend, maar minstens weet ek die mense wat vandag hier saam met my in die park sit, hou nes ek van boeke – en gee nes ek nie om vir stilte nie.

Terwyl baie ander Suid-Afrikaners nou voor hulle televisies inskuif om te kyk hoe die Springbokke teen Italië speel, gaan ons hier in De Waal-park in Kaapstad lees.

Hier is geen stoele in 'n stywe sirkel gerangskik nie. Die lesers is oor die groen gras versprei soos karakters uit 'n skildery van 'n landelike toneel. Party lê uitgestrek op kleurvolle komberse, ander sit op lae kampstoele. Almal sit met iets om te lees.

Die organiseerder – Shawn Buck, sou ek later uitvind – sê welkom. Ons is sowat 100 mense, skat ek. "Ons het almal 'n uur om in stilte te lees," sê hy. "Julle kan maar begin lees."

So gesê, so gemaak.

BO ONS maak die eeue oue eikebome 'n koepel, met hulle takke wat saggies in die bries wieg. Die lesers is so uiteenlopend soos die boeke wat hulle vashou. Ek sien 'n vrou met grys hare en 'n sonhoed wat aan 'n glas rooiwyn teug, verdiep in wat ook al op haar Kindle se skerm is. Langs my lê 'n ander vrou gemaklik op haar rug en kyk na die blaredak terwyl sy op oorfone na 'n oudioboek luister.

Daar sit 'n pa en sy dogter knus saam – sy met Billionaire Boy deur David Walliams, hy met Jerry Saltz se Art Is Life. Twee vriendinne deel 'n entjie verder 'n kombers – die een lees 101 Essays That Will Change the Way You Think deur Brianna West en eet biltong, terwyl die ander een All Fours deur Miranda July lees en haar slapende corgi streel.

Ek sit kruisbeen op my eie stukkie grasperk en blaai deur The Hare with the Amber Eyes deur Edmund de Waal – een van verskeie boeke wat my al maande lank laat skuldig voel as ek dit op my bedkassie raaksien. Ek moet 'n tesis klaarmaak en sommer-net-vir-die-lekker lees voel die heeltyd soos 'n luukse wat my nie nou beskore is nie.

Maar hier, tussen die ritselende blare en klomp ander mense wat almal wegkruip in 'n wêreld wat hulle self gekies het, kry ek eindelik 'n kosbare uur wat ek nét vir myself kan toeëien.

Ek verdiep my in De Waal se memoires oor sy familie se versameling netsuke – klein Japannese kerfwerke – en leer wat dit beteken om die geskiedenis te erf, die skoonheid, die verdriet en die groot verantwoordelikheid.

En toe ek weer sien, roep Shawn: "Die tyd is verby! Julle kan nou met mekaar gesels."

Party mense doen dit, ander hou aan lees. Hulle noem hierdie uur "mingle time", hoor ek by van die ander.

"Dis 'n wonderlike manier vir introverte om bymekaar te kom, só ontmoet ek die mooiste mense daar buite," sê een vrou. Haar vriendin las by: "Dis soos ons eie vreedsame klein familie."

Ek pak my boek weg. Vir my het die byeenkoms kalmte gebring. Daar was niks druk om met iemand te gesels nie, net kans om my boek te lees – en die wete dat ek op presies die regte plek is.

DIE konsep van die Silent Book Club is in San Francisco gebore. Twee vriendinne, Laura Gluhanich en Guinevere de la Mare, het gereeld by 'n plaaslike kroeg bymekaargekom om saam te lees.

In 2015 stig hulle toe amptelik die organisasie met een doel: om 'n wêreldwye gemeenskap van boekliefhebbers te verenig deur die gedeelde liefde van saam lees.

"Ek glo mense soek weer na gemeenskaplike sosiale ruimtes, plekke waarheen hulle kan uitgaan en vriende maak sonder dat dit oor drink of romantiese verhoudings gaan," het Laura aan die BBC verduidelik. "Hierdie soort byeenkoms maak dit baie maklik. Daar's geen sosiale druk nie, en die boeke gee jou altyd iets om oor te praat."

Tien jaar later is daar al meer as 2 000 van dié boekklubs in meer as 60 lande, van Gibraltar tot die Filippyne, Italië tot Argentinië.

Die Kaapse saamtrek is die tweede in Suid-Afrika. Die eerste een is in 2017 in Parktown, Johannesburg, begin.

Shawn (32), wat 11 jaar gelede uit Atlanta in Amerika hierheen getrek het en as konsultant by 'n welsynsorganisasie werk, het die Kaapse klub verlede jaar in Mei op die been gebring.

"Ek het 'n Instagram-profiel vir die Kaapstadse byeenkoms geskep, dit bekendgestel, en gedink as net vyf van my vriende opdaag, sal dit lekker wees," sê Shawn. "Maar met die eerste byeenkoms het 60 tot 70 mense opgedaag. Dit was oorweldigend, want dit was mense wat ek glad nie geken het nie. Daarvandaan het dit net gegroei."

Waar hy dit eers een keer per maand gehou het, gebeur dit nou drie keer per maand, met tot 150 mense per keer, dikwels op verskillende plekke in die stad.

"Ek is altyd opgewonde om 'n cool plek te kry waar ons almal kan inpas, of dit nou 'n koffiekroeg is of in die strate. Ons het selfs al almal saam trein gery Kalkbaai toe, wat ook 'n belewenis was."

Dis 'n eenvoudige konsep, en hy dink dis hoekom mense so baie daarvan hou. "Jy hoef nie soos by 'n gewone boekklub oor jou boek te praat of huiswerk te kry nie. Jy kom net om jouself te geniet en die boek te lees."

Die idee het ook al elders in Suid-Afrika posgevat, met meer as 20 byeenkomste landwyd, op uiteenlopende plekke soos Jeffreysbaai, Underberg en Bloemfontein.

In Modderfontein, Johannesburg, is die Silent Book Club 'n tuiste vir introverte, sê die organiseerder, Anita Arendsen. "Mense het vertel hoe dit hul lewe verander en hoe dit help met hulp angs en depressie. Ons ry gereeld saam op die Gautrein en lees daar, of kry mekaar in koffiewinkels en biblioteke. Dis regtig 'n plek van geen druk nie waar jy net rustig kan wees, net jy en jou boek," sê sy.

Die konsep wérk, want mense soek gemeenskap en verbintenis, sê Shawn. "Ons kom uit die pandemie en die lewe is so digitaal dat jy nooit werklik in aanraking kom met ander mense nie. Dis die beste plek om saam te kom sonder die druk om met iemand te gesels, maar net deel te wees van die gemeenskap."

"En wat's beter as om dit te doen saam met mense wat dieselfde belangstellings het as jy?" ❑



Harum que cumqui incidig nihit, qui soluptisin reperio essit, totatum